

Dinsdag 2 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 3

Fokusgedeelte: Eksodus 3:19

Die HERE se werk word selfs nie deur 'n verharde hart gekeer nie ...

By die HERE is niks onmoontlik nie! Wat 'n wonderlike God is Hy nie! So het Moses Hom in hierdie geskiedenis leer ken. Hy beleef twee wonderwerke: eers brand die doringbos (wat juis so lekker kan brand) nie uit nie, en dan hoor hy ook nog die stem van die HERE, sy opdraggewer! Verder leer hy ook nog drie besondere eienskappe van die HERE: Hy weet presies wat op die aarde aangaan (veral wanneer Hy sy kinders sien swaarkry), Hy hoor hulle wanneer hulle na Hom roep om hulp, en Hy doen iets daaraan! Ja, Hy voer sy raadsplan deur!

Hy laat Hom selfs deur 'n verharde en ongenaakbare aardse koning se onbekeerlike hart nie van stryk bring nie! Trouens, dit is juis Hy self wat die farao se hart verhard.

'n Mens wat met 'n verharde hart rondloop, kan egter nooit sê dat God nooit met hom/haar gepraat het nie. Trouens, hoeveel keer hét God nie met die farao gepraat nie ... Selfs met wonderwerke het sy hart nie verander nie! Ja, die farao, en trouens almal wat met 'n verharde hart sterf, moet eenmaal voor die HERE daarvoor rekenskap gee!

Moet nooit jou hart verhard nie! Jy en ook geen ander mens of skepsel kan die HERE se werk keer nie. Luister waneer die Here deur sy Woord en Gees met jou praat!

In sy raadsplan lei Hy ons deur ons Here, Jesus Christus, na die ewige Kanaän, die waters van rus en die groen weivelde van die ewigheid. Vertrou Hom daarvoor, al is jou lewensomstandighede ook hoe ondraaglik. Bid, roep en kla selfs by Hom, Hy hoor jou, en sal uitkoms gee!
Sing: Psalm 33-1:6, 8, 9

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)